

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

# S v Mokgokane and Others (775/08)

## [2009] ZAFSHC 40 (26 March 2009)

**[2009] ZAFSHC 40**

## COURT

Free State High Court, Bloemfontein

## BEFORE

Van der Merwe, R, Jordaan, R

## CASE / FILE NUMBER

775/08

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Hersiening Nr. : 775/08

In die hersiening tussen:-

DIE STAAT

versus

THIPE BENJAMIN MOKGOKANE Beskuldigde een

LEBOHANG SIMON MABELEA Beskuldigde twee

PETRUS PULE MAPUTSI Beskuldigde vier

CORAM: VAN DER MERWE, R et JORDAAN, R

UITSPRAAK DEUR: VAN DER MERWE, R

GELEWER OP: 26 MAART 2009

- [1] Die voormelde drie persone, beskuldigdes een, twee en vier by die verhoor, is elk skuldigbevind aan diefstal van vyf beeste en gevonnissen tot 14 (veertien) maande gevangenisstraf waarvan 4 (vier) maande gevangenisstraf opgeskort is vir 4 (vier) jaar op voorwaarde dat die beskuldigdes nie skuldigbevind word aan diefstal gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

- [2] Die gemelde beskuldigdes se vonnis is onderworpe aan outomatiese hersiening ingevolge die bepalings van artikel 302 van die Strafproseswet, Nr. 51 van 1977. Die oorkonde van die verrigtinge wat vir hierdie doel na hierdie Hof gestuur is, is egter wesenlik gebrekkig. Die gehele getuienis van beskuldigdes nommer een en twee en die hoofgetuienis van geskuldigde drie ontbreek. By navraag rapporteer die landdros dat hy vasgestel het dat die opnamemasjien op die betrokke dag om een of ander onverklaarbare rede geen opname van die verrigtinge gemaak het nie, dat sy notas intussen verlore geraak het en dat dit nie moontlik is om die vermiste gedeelte van die oorkonde van verrigtinge te rekonstrueer nie. Daar is geen rede waarom hierdie mededelings nie aanvaar sal word nie.
- [3] Die beskuldigdes is geregtig op die voordeel van outomatiese hersiening van die verrigtinge ten einde te bepaal of dit ooreenkomstig die reg was. Omdat die oorkonde wesenlik gebrekkig is, is hierdie voordeel vir die beskuldigdes verlore, sonder enige skuld aan hul kant. In hierdie omstandighede moet die skuldigbevindings en vonnis tersyde gestel word.
- [4] Die skuldigbevindings en vonnis van beskuldigdes een, twee en vier word tersyde gestel.

-----  
C.H.G. VAN DER MERWE, R

Ek stem saam.

-----  
A.F. JORDAAN, R

/sp

---

### Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE      <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2009/40.html>

CASE PAGE              <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-mokgokane-and-others-unknown-topic-afshc-2009>

Prepared on 10 October 2026 · Esheria